# NOTULE VAN DIE BELASTINGBETALERSVERENIGING SE UITVOERENDE KOMITEEVERGADERING NR 8/2022, GEHOU OP WOENSDAG 7 DESEMBER 2022 OM 18:00 IN DIE KANTORE VAN GLENIQUA, FRAAIUITSIG.

**1. VERWELKOMING** : Almal teenwoordig word deur die Voorsitter verwelkom.

**2. OPENING :** Greg Mitchell open die vergadering met gebed.

**3. KONSTITUERING / KWORUM TEENWOORDIG**

**Verskoning ontvang : 1) Michelle Smith**
**2) Johan Spies -Siek**
**3) Pieter le Roux**
**4) Pieter du Plessis**
**5) 2 x Raadslede**

**Lys van teenwoordigers by Voorsitter.**

**4. BOUINSPEKTEURS – VERSLAG OOR VERSKEIE ITEMS:**

Probleme met Impalaweg ingange gaan al 4 jaar aan en moet nou aangespreek word.

Voorsitter vra vir versoeke/vrae wat aan Inspekteurs gestuur kan word.

**5. VASSTELLING VAN AGENDA VIR UITVOERENDE KOMITEE**

**5.1 NOTULE VAN VORIGE VERGADERING – 2 NOVEMBER 2022 –** GOEDGEKEUR.

**6. SAKE UIT NOTULE VIR BESPREKING:**

6.1 VERJAARSDAGLYS – MICHELLE - Staan oor.

6.2 IMPALAWEG 82 EN IMPALAWEG 84 – GEORGE - Hou op agenda.

6.3. STORMWATER – OPVOLG – CECIL versoek dat die munisipaliteit die meesterplan vir stormwaterontwikkeling aan die MBBV voorsien.

6.4. TOEGANGSPAAIE NA STRAND – NETVERSPERRINGS KUSWEG – CECIL – onderneem om weereens vir munisipaliteit te skryf.

6.5. ONGEMAGTIGDE TOEGANG VANUIT IMPALALAAN. ERF 736 JBERG 3. – MICHELLE - Bespreek en staan oor.

6.6. PLIGSTAAT: VOORSITTER, ONDERVOORSITTER, SEKRETARESSE EN TESOURIER – ERIC het afgehandel. Voorsitter bedank Eric vir die opstel hiervan. Voorsitter stel voor dat die "Code of Conduct" uiteindelik ook deel uit moet maak van pligte. Voorsitter onderneem om uit te stuur en dan kan dit ook aan publiek bekend gemaak word. (Sien ook 6.10)

6.7. RIOOLAANSLUITINGS – TERGNIETHOOGTE – JOHAN – Daar is onduidelikheid oor wanneer dit aangeskakel gaan word – dringende versoek moet aan Munisipale Bestuurder gerig word met die versoek om MBBV mee te deel wanneer dit ingeskakel gaan word.

6.8. PADTEKENS – CECIL wag op terugvoering van Robert Jansen – staan oor.

6.9. OPVOLGLYS / AKSIELYS – (OOK DOKUMENTE IN ARGIEWE ) CECIL EN MICHELLE – Staan oor.

6.10. CODE OF CONDUCT – CECIL – Daar word voorgestel dat iemand met regskundigheid ook hierna moet kyk – iemand soos Gerhard Koortz. Daarna moet dit op die webtuiste geplaas word en aan Area verteenwoordigers voorsien word. Dit behoort deel van almal se pligte te wees - sien ook 6.6 hierbo, in hierdie verband.

6.11. KRAGONDERBREKINGS – Lood De Klerk is op soek na 'n meesterplan vir die area. Bespreek en besluit dat Frik Nel tegniese geskiedenis versamel en vroeg in die nuwe jaar 'n noodvergadering met die Burgermeester moet reël.

6.12. WATERBESPARING – VAKANSIEGANGERS – Besluit om Munisipale Bestuurder of Cornell te versoek dat inligting dringend aan publiek deurgegee behoort te word.

6.13. TOEKOMSTIGE ONTWIKKELINGS – Voorsitter glo nie dat statistieke van inwonertal korrek is nie – hou op agenda.

6.14. POSKANTOOR – Melding is gemaak dat privaat posstukke, wat vemoedelik in poshokkies was, summier in openbare plek uitgegooi is. Niemand weet wie dit sou gedoen het nie. Poskantoor behoort aanspreeklikheid te aanvaar. Word beskou dat dit 'n oortreding van die Popi-wet is. Hou op agenda.

6.15. INFORMATION REQUEST ON CONNECTIVITY PLANNING – (SELFOONTORINGS) - Tans sekere onderhandelinge aan die gang – sal hopelik binnekort meer hoor.

6.16. PUBLIEKE TRANSPORT – CECIL rig 'n oortuigende versoek/betoog dat Mosselbaai moet begin om 'n meesterplan t.o.v. toekomstige openbare vervoer moet opstel – sal in 2023 opvolg. Cecil onderneem om skrywe aan Jaco Roux te rig.

6.17 **Buurtwag: Frikkie Rheeder**: Doen verslag. Geen noemenswaardige insidente om te verklaar nie. Frikkie onderneem om te help om van hul KOMMUNIKASIEKANAAL gebruik te maak om die AJV op 19 Desember 2022 bekend te maak.

6.18. **Bewarea: Robin Fick** doen verslag – toenemende bosslapers – hy en Frikkie sal kommunikeer.

**ADDISIONELE SAKE:** **AJV MAANDAG 19 DESEMBER 2022 om 6nm. Baie belangrik.** Voorsitter versoek dat alle lede asseblief daar moet wees en vra vir bydraes van kommiteelede asseblief.

**TOEKOMSTIGE SPREKERS VAN MUNISIPALITEIT – SAL UITNODIGINGS DOEN - FEB/MRT 2023.**

## 7. FINANSIES – TESOURIER - CECIL BARRY

7.1 TOESTEMMING VIR BYDRAE TOT BOOMBAS VIR VOETPAADJIE OOR TREINSPOOR. Goedgekeur dat daar tot 'n maksimum bedrag van R400.00 bygedra kan word.

7.2 BANK HANDTEKENING – VERANDERING – Notule is deur al die lede geteken vir bank en Cecil en Michelle sal opvolg.

7.3 TERUGBETALING WEBTUISTE – GEORGE – CECIL sal reël dat die bedrag wat George betaal het, terugbetaal word. Dit beloop ongeveer R600.00.

## 8. VERSLAE VAN AREA KOMITEELEDE - LEDE LEWER MONDELINGE VERSLAE

| | |
|---|---|
| RIVERSIDE | PIETER LE ROUX |
| KLEINBRAKRIVIER | PIETER LE ROUX |
| POWERTOWN | |
| FRAAIUITSIG | FRIK NEL<br>PIETER DU PLESSIS |
| TERGNIET | JOHAN SPIES |
| REEBOK: NOORD VAN SPOOR | SOLLIE GROBLER<br>MICHELLE SMITH |
| REEBOK: SUID VAN SPOOR | CECIL BARRY<br>GREG MITCHELL |
| REEBOKRIF:WILDEPERSKE, ROOIBOKLAAN TOT BY TSESSEBELAAN (WES) | LOOD DE KLERK |

| | |
|---|---|
| TUSSEN R102 EN IMPALAWEG | GERT PRETORIUS |
| REEBOKRIF:WILDEPERSKE, ROOIBOKLAAN TOT BY TSESSEBELAAN (OOS) TOT BY WAG 'N BIETJIE. TUSSEN R102 EN IMPALAWEG | ERIC MARAIS<br>KAREL GROVÉ |
| REEBOKHOOGTE/TERGNIETHOOGTE | GEORGE NEZAR<br>RENÉ BONGERS |
| GROENKLOOF<br>REEBOK VILLAGE ESTATE | |
| DE LANGE UITBREIDING | ANN PRETORIUS |
| | |
| | |

**TERUGVOER UIT WYKSKOMITEES:**

**WYK 4 – PIETER LE ROUX**

**WYK 5 – JOHAN SPIES**

**MUNISIPALE KONTAKNOMMERS: SMS nr 44802**

**Skakelbord - 044 606 5000**

**Elektriese dienste – 044 606 5082**

**Paaie en Stormwater – 044 606 5282**

**Water en Riool - 044 606 5282**

**Na-Ure – bv kragonderbrekings - 044 606 5000 3722**

**Nooddienste na-ure - 044 606 5107**

**Finansies - 044 606 5009**

**Voorsienings dienste – 044 606 5192**

**Brand- en Rampbestuur – 044 691**

**Stadsbeplanning - 044 606 5073**

**INDELING VAN PORTEFEULJES. / Sekretariaat**

| | |
|---|---|
| Regsdienste, Facebook,WApp, Webtuiste pubs | George, Michelle |
| Admin Dienste | (Sekretaresse) Michelle/ERIC |
| Verenigingbestuur, Media skakel, Toerisme | Rene Bongers |
| Webtuiste | Klaus Oellrich **(kennisname)** |

**Kooperatiewe dienste/GOP Proses**

| | |
|---|---|
| Wyk 5 | Johan Spies |
| Wyk 4 | Pieter le Roux |

**Ekonomiese ontwikkeling**

| | |
|---|---|
| Bewarea- Land, Kus en Kleinbrak rivier stelsel | Robin Fick **(kennisname)** |
| Kleibrak Rivierforum | Pieter le Roux |
| Dorp en streeksbeplanning en Ontwikkeling | Michelle Smith, Pieter du |
| | Plessis |

**Infrastruktuurdienste (Tegnies&Geïntegreerde)**

| | |
|---|---|
| Water | Johan Spies |
| Riool | Johan Spies |
| Paaie en Stormwater | Sollie Grobler, Cecil Barry |
| Elektriese Dienste & Afvalverwydering | Lood de Klerk en Frik Nel |

**Gemeenskapsdienste**

| | |
|---|---|
| Veiligheid & Rampbestuur | Frik Rheeder(Buurtwag) |
| Skoonmaak van Erwe & Groengordels | Gert Pretorius Greg Mitchell |

**9. AFSLUITING:** **AJV MAANDAG 19 DESEMBER 2022 om 6nm**

Eric en Frik maak reeds verskoning vir AJV.

**10. Volgende vergadering:**

**Komiteevergadering : Woensdag 1 FEBRUARIE 2023**